ds. PJ Kriel 02.08.2015

Preekreeks: gelowig in 'n godlose gemeenskap onder 'n godlose owerheid

Inhoud. God vernietig in een oomblik die welvaart wat goddelose mense wat met die kunstigheid om ontrou te wees deur feitelike korrektheid en kwaad en vernietiging te beplan en uit te voer asof dit net hulle plig en taak is.

Skriflesing 1 Samuel 21: 1-9; 22: 9-18 en Ps. 52 Direkte Afrikaanse Vertaling

Teks Psalm 52 vers 10 Maar ek is soos 'n welige olyfboom in God se huis, ek stel my vertroue in God se troue liefde, vir altyd en altyd.

Tema: God se troue liefde verbind ons aan ons ware bedoeling vir God.

1.Ons wil vanoggend weer stilstaan by ons groot tema: hoe leef gelowiges in 'n godlose gemeenskap onder 'n godlose owerheid?

Die kinders! Wat is 'n klikbek?

Wanneer julle as kinders saam iets verkeerds gedoen het en pa kry julle na die tyd bymekaar en sê julle moet vir hom vertel wat julle verkeerd gedoen het, is dit klik om vir pa die waarheid te vertel?

Nee! Om vir pa die waarheid te vertel is nooit klik nie. Dit is hoe 'n mens eerlik en opreg is.

Wanneer jy met jou boetie of sussie saamspeel en hulle word kwaad omdat jy nie speel soos hulle wil speel nie, en hulle gaan dan na pa toe en vertel vir hom iets wat jy verkeerd gedoen het, dan is dit klik.

Om te klik of 'n klikbek te wees, is omdat jy kwaad is vir jou boetie vir pa presies te gaan vertel wat jou boetie gedoen het. Jy gee vir jou pa die regte feite oor boetie sodat hy vir jou boetie kwaad kan wees en seermaak. Dit laat jou lekkerkry.

Dit is klik. Klik is wanneer jou boetie of sussie seermaak en hy pa hul vyand maak terwyl jy glo jy is nou jou pa se held.

2. Die goddelose is 'n leunagtige mens.

Dit wys vers 5. Hulle hou meer van leuens as wat hulle van die waarheid hou. Hulle vertel leuens op só 'n manier: hulle hou van verwarrende woorde. Hulle saai graag verwarring tussen 'n leuen en die waarheid met die regte feite!

Wie is die regte leuenaar en leunagtig, Dawid of Doëg?

Gee Dawid aan die predikant Agimelek die korrekte inligting wanneer hy vir hom die volgende sê:

“Die koning, Saul, het gesê: “Niemand mag weet dat ek by jou was nie”? ”

Dit is heeltemal die verkeerde inligting wat Dawid hier aan die predikant Agimelek gee. Saul, die koning, is besig om Dawid te soek om hom dood te maak. Dawid is besig om voor die weermag van Saul te vlug. Die regering het Dawid ʼn misdadiger verklaar en daar is ʼn losprys op sy kop. Die regering het ʼn bevel van uitlewering teen enige iemand wat Dawid sien.

Dawid gee vir die predikant Agimelek heeltemal die verkeerde inligting.

En Doëg?

Hy vertel vir Saul die volgende:

“Ek het vir Dawid by Agimelek gesien. Agimelek het vir Dawid raad gegee, kos gegee en ook ʼn swaard.”

Wie se feite is reg, Doëg of Dawid sʼn?

Doëg sʼn is reg. Dawid gee vir Agimelek doelbewus die verkeerde inligting.

3. Wie is tussen Dawid en Doëg volgens die Woord van die Here die leuenaar? Leuenagtig?

Die Psalm wys dat leuenagtigheid beteken om te beplan om met jou woorde te vernietig. Jou doel met jou woorde is vernietiging. Die Psalm wys ʼn leuenaar se tong is soos ʼn skeermes. Dit sny stukkend waar dit moes geskeer het.

Wie is die leunagtige leuenaar? Dawid wat die predikant met verkeerde feite doelbewus onder die verkeerde indruk bring oor wat aan de gang is, of Doëg wat feitelik korrek is met sy vertelling aan Saul die koning?

Die Psalm wys ons dat Dawid is die regverdige. Hy tree of binne die wet van God en Doëg is goddeloos. Hy minag God se wet.

4. Hierdie verskil tussen Dawid wat regverdig is in sy doelbewuste verkeerde inligting en Doëg wat goddeloos is met sy feitelike korrektheid, stel ons as gelowiges in hierdie goddelose land onder hierdie goddelose owerheid waaronder ons leef voor die volgende werklikheid:

Wat is binne hierdie goddelose gemeenskap en onder hierdie goddelose owerheid die waarheid in geregtigheid en wat is leunagtige goddeloosheid?

Wat maak dat Dawid met sy verkeerde inligting aan die predikant die waarheid praat en in die waarheid leef en Doëg met sy korrekte feite goddeloos is?

5. Wat die verskil maak is die troue liefde van God!

Hierdie begrip “troue liefde” is ’n baie besondere Hebreeuse woord: Gesed! Dit is hierdie woord wat vertaal is as “troue liefde.” God se troue liefde gaan oor God wat altyd aan Homself as God getrou is. Troue liefde beteken God het altyd lief soos God liefde is.

Dit is hierdie troue liefde van God wat van Dawid ’n regverdige maak. Dawid is nie ’n regverdige deur sy eie geregtigheid nie. Hy is ’n regverdige omdat dit is wat God in sy troueliefde Dawid laat wees.

6. Dit is presies dieselfde wat Christus openbaar wanneer Hy in die Johannes evangelie verklaar: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” God is in en deur Christus getrou as God in sy liefde vir sondaars. Christus is die waarheid van God se troue liefde vir sondaars.

Wat is die regte feite?

Die regte feite is dat ons sonde doen en dat God sonde straf! Dit is feitelik korrek.

Die waarheid van God se troue liefde is dat ons sonde doen, maar dat God ons sonde straf deur self ons sonde te wees. Die waarheid van sy troue liefde is dat Hy die straf dra vir ons sonde en ons in sy liefde deel al is ons sondig.

Dit is die waarheid van sy troue liefde wat iets anders is as die feitelikheid dat ons sonde doen en God sonde straf.

7. Wat is die waarheid van Dawid se liefde? Die waarheid van sy verbintenis in en tot die troue liefde van God wat Hom ’n regverdige vir God maak?

Hy beskerm die predikant teen die jaloesie, die wraaksug en eie geregtigheid van Saul. Die manier waarop hy die predikant Agimelek beskerm is om die regte feite van hom te weerhou.

Hy maak asof hy in opdrag van Saul optree sodat die predikant nie moet kant kies tussen Saul en Dawid nie. Op hierdie manier kan Agimelek nooit beskuldig word van ondermyning en ontrouheid aan die owerheid nie.

Op hierdie manier kan Dawid hom as predikant vra vir hulp en kos en Agimelek dit met vryheid en buite die magstryd van Saul met Dawid doen.

Sou hy gekonfronteer word kan hy met eerlikheid sê hy het niks van die vete tussen Saul en Dawid geweet nie, want hy het deur Dawid se inligting regtig niks daarvan geweet nie.

Daarom gee Agimelek ook vrymoedig vir Dawid die swaard van Goliat omdat dit ŉ aandenking is van die geveg tussen Dawid en Goliat en dit Dawid toekom.

8. Wat is Doëg se waarheid?

In Ps. 52 word Doëg se korrekte inligting die boosheid van ŉ dapper man. In sy eie goddelose gemoed regverdig hy sy optrede as die optrede van heldhaftige man wat vreesloos instaan vir die waarheid en vir wat reg is.

Wat sê hy vir die koning?

1.Ek het Dawid by hierdie predikant gesien.
2.Hierdie predikant het vir Dawid raad gegee.
3.Hierdie predikant het vir Dawid kos en wapens gegee.

Vir wie sê hy dit?

Hy sê dit vir ŉ jaloerse, wrokkige, kwaadwillige en moordlustige koning wat Dawid haat en wil doodmaak om sy eie koninghuis te vestig.

Wat beteken hierdie feitelike korrekte inligting vir Saul?

Ps. 52 noem hierdie feitelike korrekte inligting “allerhande verwarrende woorde” van “ŉ tong wat bedreig”. Doëg is leunagtig en bedreiglik met feitelik korrekte inligting. Want hierdie regte inligting is bedoel om vernietiging te saai. Dit is die boosheid van goddeloosheid: om met feitelike korrektheid ellende te skep.

9. Doëg se waarheid as verwarrende woord klink só en is bedoel om só te klink!

1.Ek het Dawid by die predikant gesien. As verwarrende woorde beteken dit Agimelek het teen Saul kant gekies vir Dawid. Dit is nie die waarheid van die feite nie. Dawid het juis gekeer dat hy kan kant kies deur die korrekte inligting van hom te weerhou. Die kantkiesery is Saul en Doëg se waarheid.

2. Die predikant het Dawid raad gegee. Dit is die verwarrende woorde van goddelose bedrieglikheid. Hierdie feite beteken vir Saul en Doëg dat die predikant

hoogverraad gepleeg het. Dit is nie waar nie. Dawid het eerlik gevra na die wil en raadsplan van God wat net die predikant vir hom kon gee. Met die regte feite smee Saul en Doëg hul eie leuen.

3. Die predikant het Dawid kos en wapens gegee. As verwarrende woorde beteken dit dat die predikant het Dawid logistieke ondersteuning in sy gewapende stryd teen die koning gegee. Dit is nie waar nie. Die predikant het uit barmhartigheid honger mense kos gegee en aan Dawid sy trofee van sy oorwinning teen Goliat gegee. Met die korrekte inligting smee Saul en Doëg hul goddelose leuenagtigheid om ŉ getroue landsburger as rebel te brandmerk en hom geregverdig te kan doodmaak.

10. Die leuenagtigheid van Saul is om met die regte inligting sy jaloersheid, wrokkigheid en moorddadigheid as die geregtigheid van God te laat geld.

Die leuenagtigheid van Doëg is die goddeloosheid van ŉ slaaf wat die koning se gunsteling wil wees. Hy gee die koning die regte inligting om sy boosheid te kan laat geld in die drif om homself as slaaf te bevoordeel met die aansien, die mag en die middele van die koning.

Sy eie waarheid van dapperheid en vreesloosheid vir geregtigheid en plig en Saul se waarheid vir die beskerming van die land, is die boosheid van goddeloosheid. Die tipe goddeloosheid wat gemaak het dat God Saul as koning verwerp het.

Dit moet ons kan herken en verreken in hierdie goddelose land onder hierdie goddelose owerheid waar onder ons as gelowiges leef.

**Die kunstigheid van ŉ goddelose mens se ontrouheid is om met feitelike korrektheid kwaad en vernietiging te beplan en uit te voer asof dit net hulle plig en taak is.**

Doëg sê vir homself hy is maar net ŉ slaaf wat sy plig nakom. Doëg kom net sy plig as slaaf teenoor die koning na. Sy plig is om die koning net die regte te gee van wat hy gesien het. Hy tree maar net op soos ŉ goeie en pligsgetroue slaaf moet optree teenoor sy wettige koning.

Doëg ŉ leunagtige godslose mens wat met sy plig en feite vernietiging bevorder vir eer en wins.

Saul beskerm die koningskap, wet en orde teen rebellie. Dit is maar net sy plig en hy doen dit met feitelike korrektheid.

Maar saam skep hulle met hierdie regte feite die leuen om ontrou te wees in die liefde van God. Met plig en regte feite het hulle volgens die Psalm die kwaad liewer

as die goeie. Met plig en feite het hulle volgens die Psalm die leuen liewer as die waarheid.

Met hierdie twee se waarheid van plig en feite laat Saul 85 onskuldige predikante vermoor as demonstrasie van sy mag.

11. Nou moet u besef wat is Dawid se posisie. Sy besoek aan die predikant het die dood van 85 onskuldige predikante tot gevolg gehad.

Wat doen God? Dan moet u weer die woord troue liefde hoor. Dawid wys dit met die kontras wat die werklike diepte van die teenstelling gelowig en goddeloos aan die orde stel. Die kontras wys in waarheen neem jy jou toevlug wanneer jy hulp nodig het.

In hierdie ellende van ʼn godlose owerheid en gemeenskap neem Dawid sy toevlug tot die troue liefde van God. Die getrouheid waarin God my in sy liefde vergewe; die getrouheid waarmee Hy my sy kind maak al is ek feitelik ʼn sondaar; my ʼn regverdige laat wees al kan ek die wet nie onderhou soos ek moet nie; hierdie God wat feite so hanteer om by die waarheid van sy getroue liefde te bly, tot hierdie God wat só God is neem ek my toevlug.

Wat wys en sê Dawid van Saul en Doëg se waarheid? Hy sê hulle het hulle toevlug geneem in dit wat hulle gaan vernietig. Die korrekte feite waarmee hulle besig is sal hulle vernietig.

Wat doen God met die waarheid van ʼn goddelose mens?

In die wêreld waarin ons vandag leef moet u dit ontdek: daar is twee waarhede. Die een is die waarheid van God se troue liefde wat ons Vader is terwyl die feite wys ons is sondaar. Dit is God se getrouheid vir ons as Vader in hierdie wêreld.

Wanner God jou in sy trouheid inbind, dan maak Hy jou getrou aan hom en sy bedoeling vir en met jou, en getrouheid is die waarheid.

Die kinders! Wanneer pa vra jy moet die waarheid praat dan vertel jy hom wat hy vra want jy vertrou hom om ʼn goeie pa te wees as jy getrou is om te sê wat jy doen. As jy ʼn klikbek is, is jy ontrou want jy gebruik die regte feite om doelbewus jou boeties en sussies kwaad aan te doen.

God se troue liefde is vir gelowiges in hierdie goddelose wêreld die waarheid van God en die waarheid wat God ons laat wees.

In hierdie wêreld is Jesus Christus die Here. Hy is nie maar net die Here in die hemel, of net Here in die kerk of net Here in jou hartjie nie. Hy is Skepper en Here van hierdie wêreld wat goddeloses glo Hy afwesig in is.

In hierdie wêreld is daar net een waarheid en dit is God se waarheid. Daar is nie twee waarhede in hierdie wêreld nie. Die Here skepping leef in die waarheid van God wat getrou God is en almal aan die sy waarheid bind.

Wat sê die Psalm, wat doen God met die waarheid van 'n Saul en 'n Doëg?

God breek hierdie waarheid. Hy vernietig in een oomblik vernietig hy hierdie waarheid en alles wat goddeloses in hierde waarheid in belê het, eer roem, mag, karre en huise. God sal jou uit daardie tentwoning, daardie besigheid, daardie huis daardie tuiste waarin jy jou toevlug geneem het, wegruk. Nie in die eindoordeel nie, maar binne in hierdie wêreld wat God se wêreld is.

Dan sê God: "Ek sal jou doodmaak!" Wat dink u beteken die uitdrukking in die Psalm "Ek sal jou uit die grond uitruk", in een oomblik met jou waarheid en al!

**God verklaar dat Hy in een oomblik jou met jou eer, mag, toekoms en welvaart wat jy deur jou feitelike korrektheid in boosheid geskep het sal vernietig met alles waarin jy jou toevlug soek.**

Met jou feite! Dit is wat Hy doen. Daar is een waarheid. Die waarheid van God in sy getrouheid wat die leuen dat jy met die regte feite kwaadwillig vernietig – ontwortel in sy wêreld.

12. Die Psalm wys dat goddeloses spoggerig is met hulle leuenagtigheid. Hulle is spoggerig omdat hulle hul self as helde sien terwyl hulle eintlik net met hierdie klikbekheid aanmeld om te deel in die roofwins, eer en mag van die godlose owerheid.

Wanneer ons uit die Bybel saam besin oor goddeloosheid in ons land kom ons baie keer in die versoeking om dit as 'n rassebegrip te hoor, as 'n onderskeid tussen wit en swart.

Ek wil vir u graag met hierdie Psalm wys op die "wittes" se goddeloosheid as u dit só wil stel.

Ek was na my basiese weermag opleiding in Voortrekkerhoogte as diensplig kapelaan gedien in kommandement Noord Transvaal. Ek is elke keer gevra om by veiligheidsvergaderinge in te sit en te open met Skriflesing en gebed. Die vertroue wat die generaal en bevel in my gestel het in hierdie vergaderinge het my van die

begin af elke keer verstom. Na opening as ek wou uitgaan het hulle gesê ek kon bly en luister na al die bevelsinligting.

Ek het al die feite! Korrekte feite oor weermagsoptredes!

Wat sal ek wees as ek hierdie korrekte feite vándag aan ŉ jaloerse, kwaadwillig en moordlustige koning gee? Die Bybel sê dan sal ek ŉ goddelose mens wees. Ek sal ontrou wees aan wie ek bedoel is om te wees. Ek is bedoel om ŉ predikant te wees, om met Skriflesing en gebed, maak nie saak hoe ligsinnig, bespotlik en belaglik mense dit vandag wil maak nie, te wys wat die Here se Woord sê vir mense wat vra na die Woord van die Here.

Moet ek nou vandag daardie veiligheidsinligting vat en gaan gee aan ŉ kwaadwillige en jaloerse owerheid. Elke woord van die inligting wat ek gee sal feitelik korrek wees. Dit sal feitelik korrek wees oor wat het die Afrikaner gedoen. Dit is hoekom ons moedeloos is want dit is wat ons mense doen. In die vertroulikheid van wie ons is en wat ons moes doen, gaan mense en gee vir ŉ jaloerse, kwaadwillige en wraaklustige owerheid die regte inligting.

Witmense!

Dapper helde! Dit is die verwagting waarmee dit gedoen word – heldeverering.
Die regte inligting oor grond. Die regte inligting oor militêre operasies.

Wat word met hierdie inligting gedoen?

Jy gaan sit en hou ŉ feitelike korrekte ondersoek, en Afrikaans verdwyn van die universiteit af. Wat het jy nou met jou feitelike korrekte inligting gedoen? Jy het mos nou die kwaadwilligheid, die boosheid van hierdie owerheid op ŉ gemeenskap afgebring.

Daar is “85 studente” wat nie meer studente in Afrikaans kan wees nie.

Wat het jy gedoen met jou feitelike korrektheid dat kinders nie meer beurse kan kry nie en “85” hulle toekoms verloor het. Dit is die regte inligting, maar wat het jy Doëg, slaaf gedoen om dit vir só ŉ tipe owerheid en gemeenskap te gee?

Broers en susters ons moet hierdie woord “goddeloosheid” reg hoor! As ŉ Afrikaanse witmens aan ŉ kwaadwillige en wraakgierige instelling die regte inligting gee, dan noem die Woord van God jou ŉ godlose leuenaar.

In hierdie verwronge heldewaan is vernietiging jou bedoeling. Jou klikbek! Wat maak jy?

Ons mag nie met die begrip godloos as ʼn rassebegrip gaan werk nie.

Godloosheid klink só: buite die getrouheid van wat God wil hê en ons voor bestem het: kos vir ʼn land, orde vir ʼn land, voorspoed vir ʼn land, gebruik ek korrekte feite en pligsbesef as die middele waarmee ek God se bedoeling vernietig. Jy is godlose mens. Spierwit en godloos. Jy is ʼn godlose mens. Spierwit en boos!

Jy weet om die korrekte feite só te hanteer dat daar net vernietiging oor is waar jy klaar is.

Gaan God niks doen nie. Lees weer die Psalm! Dit is geen dreigement nie, maar net die waarheid van God se getrouheid!

Wanneer jy vir jou ʼn besigheid opgebou het, klikbek; wanneer jy vir jou ʼn huis gebou het, klikbek; wanneer jy vir jou ʼn toekoms geskep het, klikbek, sal die waarheid van God vir wie die waarheid getrouheid aan jou bedoeling vir God is, só klink: in een oomblik sal Ek jou breek, in een oomblik sal Ek jou uitruk en in een oomblik sal ek jou doodmaak.

God se waarheid is die enigste waarheid.

God handhaaf die waarheid vir die kerk op die volgende wyse: Christus is jou weg en jou waarheid en jou lewe. Leef getrou aan God. Hou op om te dink om aan ʼn wraaksugtige mens die regte inligting te gee is jou heldeplig en die waarheid. Jy is ʼn godlose leuenaar en jou regte inligting waarin jy toevlug neem sal jou vernietig.

Neem jou toevlug in hierdie goddelose gemeenskap onder hierdie goddelose owerheid tot God in sy troue liefde. Laat sy troue liefde jou getrou hou aan jou bestemming vir God.

In hierdie getrouheid aan God in sy getrouheid sal ons as gelowiges al meer en meer die korrekte inligting wat ons het van ʼn kwaadwillige owerheid moet weerhou en ter wille van die getrouheid van wie ons bedoel is ook aan hulle al meer die verkeerde inligting moet gee.

Kom ons sluit af met ʼn voorbeeld.

Dit is in die Tweede Wêreld Oorlog. Jy is ʼn Nederlander wat Jode verskuil in jou huis en weet waarheen die ander Jode gegaan het. ʼn Duitse offisier wat hierdie Jode na doodskampe wil stuur vra jou of jy Jode huisves of weet waarheen hulle gegaan het.

Gee jy vir hierdie kwaadwillige en moordlustige soldaat die regte inligting?

Jy gee dit nie. Jy weerhou die inligting en gee vir hom die feitelik verkeerde inligting om in die getrouheid van God te bly leef: jy en hy ook, mag nie doodslaan nie.

Meer op ons van toepassing. Gee jy vir ’n polisieman wat iemand kwaadwillig Vrydagaand wil arresteer sodat hy die hele naweek in die tronk moet sit voor hy Maandag regverteenwoordiging kan kry, met die bedoeling dat hy in die selle verneder, aangerand en verkrag kan word, die regte inligting as hy vir jou vra waar hierdie persoon is?

In jou trou binne God se getrouheid mag jy nie hierdie inligting vir hierdie polisieman gee nie. Jy moet die regte inligting of weerhou of vir hom verkeerde inligting gee. Dit is die waarheid binne God se getrouheid.

Doëg moes vir Saul op presies dieselfde wyse inligting gegee het as wat Dawid inligting aan Agimelek gegee het. Dit is hoe die regte inligting onder ’n goddelose owerheid in ’n goddelose land hanteer word.